


BOEDELBEPLANNING | NICO VAN GIJSEN

NAVRAE: tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314.
E-pos: nico@finlac.com.

# Só werk erfgename se regte

Jou naasbestaandes kan nie eis voor jou boedel afgehandel is nie, maar hulle het tog 'n paar regte.

Die vrou van 'n oorledene wil weet: Het haar man se kinders 'n reg om te eis vóór die boedel afgehandel is? Die kort en maklike antwoord? Nee. Maar kom ons kyk bietjie wyer daarna, want dit is darem nie asof hulle géén reg het nie.

Daar is 'n tegniese verskil tussen "erfgenaam" en "legataris". Die eerste erf uit die restant van 'n boedel, terwyl die ander 'n spesifieke bemaking kry. Aangesien almal gemakliker is met "erfgenaam" hou ek daarby. (Terloops, legatarisse kry voorkeur bó erfgename.)

Terug by die vraag. Wat is die regte van erfgename? En hoe pas dit in by die boedeladministrasieproses? Erfgename het geen reg op 'n erfenis vóór die dood van die oorledene nie. Al word erfgename in die testament genoem, het hulle ten beste 'n hoop, en nie 'n reg nie, om te erf.

**KORTOM**

- 'n Erfgenaam kry 'n persoonlike reg as die oorledene sterf, maar die werklike reg is eers afdwingbaar as die eksekuteur sekere eise afgehandel het.
- Opskortende en ontbindende voorwaardes kan 'n erfgenaam se reg beïnvloed.

## PERSOONLIKE EN WERKLIKE REG

Volgens die Romeins-Hollandse reg, wat 'n groot invloed op die Suid-Afrikaanse regstelsel het, het die erfgenaam wél 'n werklike reg gehad op eiendom in die boedel wat aan hom of haar bemaak is. Dit beteken die eiendom behoort ná die dood van die oorledene aan die erfgenaam, nog voor dit in eie naam oorgedra kon word.

Maar in ons tyd is dinge anders. Die eksekuteur neem die plek van die erfgenaam in terwyl die bates verdeel en die boedel afgehandel word. Die erfgenaam kry dus nie onmiddellike besitreg op die bate nie, maar net 'n persoonlike reg om in die een of ander stadium die eiendom te mag bekom.

Dis regstegniese wollerigheid, ek weet. Wat behels dit? Daar word gepraat van die oomblik wat die boedel "oopval" (wanneer die oorledene sterf). Dan ontstaan die erfgenaam se persoonlike reg. Die afdwingbaarheid van die werklike reg is egter onderhewig aan baie faktore.

Die eksekuteur moet eers skuld, agterstallige belasting en eise ingevolge die Huweliksgoederewet of die Wet op die Onderhoud van Langslewende Gades hanteer voor enige bate vererf kan word.

**Die eksekuteur neem die plek van die erfgenaam in terwyl die bates verdeel en die boedel afgehandel word.**

## VOORWAARDES

'n Erfgenaam se reg kan ook geraak word deur 'n opskortende voorwaarde (Jannie erf eers die plaas as hy graad vang), of 'n ontbindende voorwaarde (my vrou, Sannie, erf die strandhuis, maar as sy weer trou, verval die erfenis).

**Al word erfgename in die testament genoem, het hulle ten beste 'n hoop, en nie 'n reg nie, om te erf.**

Ek raai mense altyd aan om 'n spesialis te gebruik om hul testament op te stel. Nie elkeen met 'n regs- of rekenkundige graad is 'n spesialis ten opsigte van testamente en boedels nie. Hou liewer jou geliefdes uit die hof uit. **LBW**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisikobestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*